



# KLEINSAKE-ONDERNEMINGS NOODSAAKLIKE BELASTINGGIDS



Volg ons op



# SARS NOODSAAKLIKE BELASTINGGIDS VIR KLEINSAKE-ONDERNEMINGS

Hierdie gids verskaf handige inligting vir klein-, mikro- en mediumondernemings (KMMO's) en hulle belastingverpligtinge ten opsigte van belastingregistrasie, -indiening en -betaling by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS). Dit sluit ook inligting in oor die verskillende belastingsoorte waarvoor jy aanspreeklik mag wees gebaseer op die grootte en aard van jou onderneming.

Vanweë die vele wetlike en belastingverpligtinge wat met die verskillende soorte ondernemings gepaardgaan, moet jy eers besluit watter soort onderneming jy wil begin.

## Verantwoordelikheid van 'n ondernemingseienaar

Eienaars van ondernemings is verantwoordelik om opgawes akkuraat en betyds in te dien en betalings aan SARS te maak. Ongeag of jy 'n belastingpraktisyn of iemand anders gebruik om belastingsake namens jou te hanteer.

## Belastingbetalings



Belasting kan deur eFiling of direkte bankoordrag gemaak word. Betalings moet betyds gemaak word om boetes en rente te vermy. SARS aanvaar na Desember 2020 nie meer tjeks nie.

## Rekordhouding



Goeie rekordhouding help jou om te verduidelik wat op jou inkomstebelastingopgawe verklaar is, ingeval SARS vrae het oor die inligting verklaar. Die bewaring van stawende dokumente soos verkoopstrookies, fakture, kwitansies, bankdepositostrookies en ander dokumentasie, sal jou help om jou belastingsake beter te bestuur en seker te maak dat jy belastingnakomend bly.

## Soort ondernemings en belastingverantwoordelikhede

Soort onderneming	Beskrywing	Belastingverantwoordelikhede
Alleeneienaar	Bedryf op kleinskaal en bestuur deur self-aangestelde individue. Sluit informele ondernemings in. Geen vereiste om by die Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie (CIPC) te registreer nie.	Registreer vir persoonlike inkomstebelasting (PIB) en verklaar jaarliks jou onderneming se inkomste op die persoonlike inkomstebelastingopgawevorm (ITR12) en betaal die vereiste belastingbedrag betyds. Indien jy SARS moet betaal, moet jy dit doen voor die betalingsperdatum wat op jou kennisgewing van aanslag (ITA34) aangedui word.
Vennootskap	Twee of meer mense met gemene belange wat saamspan om 'n onderneming te bedryf. Geen vereiste om by CIPC te registreer nie. Elke vennoot sal afsonderlik belas word volgens hulle aandeel in die onderneming.	Registreer vir persoonlike inkomstebelasting (PIB) en verklaar jaarliks jou onderneming se inkomste op die persoonlike inkomstebelastingopgawe (ITR12) vorm en betaal die vereiste belastingbedrag betyds. Indien jy SARS moet betaal, moet jy dit doen voor die betalingsperdatum wat op jou kennisgewing van aanslag (ITA34) aangedui word.
Privaat/openbare maatskappye of beslote korporasies	Formele onderneming wat vereis is om by CIPC te registreer en 'n maatskappyregistrasienommer te bekom. Die maatskappy is afsonderlik van die eienaar en die eienaar is vereis om 'n persoonlike inkomstebelastingopgawe (ITR12) in te dien.	<ul style="list-style-type: none"> <li>» Outomatiese registrasie vir maatskappye inkomstebelasting (MIB) wanneer by CIPC geregistreer, en verklaar MIB jaarliks op ITR14-vorm.</li> <li>» Registreer vir BTW, indien jy kwalifiseer</li> <li>» Registreer vir LBS, indien jy kwalifiseer, en spesiale belastings vir kleinsake ondernemings: Omsetbelasting, SBC of ETI.</li> <li>» Betaling van belastings</li> </ul>
Koöperatiewe	'n Koöperatief word gevorm wanneer 'n groep mense, met gemene belange, saamspan om 'n bepaalde ekonomiese, maatskaplike of kulturele doel te bereik, soos 'n stokvel, gemeenskapslandbou-onderneming, ens. 'n Koöperatief word vereis om by CIPC te registreer. Koöperatiewe word as maatskappye belas	Dieselfde as privaat/openbare maatskappye of beslote korporasies

## Wanneer moet ek vir belasting registreer?



Sodra jy jou maatskappy by die Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie (CIPC), voorheen CIPRO genoem, geregistreer het by [www.cipc.org.za](http://www.cipc.org.za), sal SARS outomaties 'n maatskappye inkomstebelasting (MIB) verwysingsnommer aan jou toeken. Die maatskappy verteenwoordiger moet dan op SARS eFiling registreer om inligting op te dateer en gemaklik elektronies met SARS sake te doen.

Alleeneenaars, diegene in eie diens en persone in vennootskappe moet direk by SARS deur SARS eFiling vir persoonlike inkomstebelasting (PIT) registreer.

### Jou belastingverpligtinge

Welke 'n individu in eie diens is of deel van 'n onderneming is, word hy/sy vereis om die onderneming by SARS te registreer, belastingopgawes in te dien en die vereiste belastingbetyds te betaal.

### Gerieflike wyses om met SARS sake te doen

Meeste van jou interaksie met SARS sal aanlyn deur SARS eFiling geskied. Indien jy as individu handeldryf en nie 'n inkomstebelastingverwysingsnommer het nie, moet jy eers as belastingpligtige op eFiling registreer om 'n profiel te skep. 'n Belastingverwysingsnommer sal dan aan jou toegeken word.

Om vir eFiling te registreer:

- » Besoek die SARS-webtuiste [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za) en klik eFiling, dan 'REGISTER NOW'; of
- » Indien jy as alleeneenaar of in 'n vennootskap handeldryf - laai die SARS MobiApp van die Google Playstore (Android) of Appstore (Apple) af en tik op 'REGISTER'.

Jy kan ook die video "How to register for eFiling" kyk op die SARS TV-kanaal op YouTube.

Sodra al jou inligting opgedateer is, veral bankbesonderhede, kontakbesonderhede en maatskappy verteenwoordiger, kan jy vir ander belasting registreer soos BTW, LBS, ens. op eFiling, sonder om 'n SARS-tak te besoek.

## Spesiale belasting van toepassing op kleinsake-ondernemings

Daar is verskeie belastingvoordele (aansporings) vir kwalifiserende kleinsake-ondernemings soos omsetbelasting, kleinsake korporasie belasting (SBC) en indiensnemingbelastingaansporing (ETI).

### 1. Omsetbelasting

Omsetbelasting is daarop gemik om belasting te verminder, belastingnakoming makliker te maak en die administratiewe las op mikro-ondernemings, met 'n omset van R1 miljoen of minder, te verlig.

Die omsetbelastingstelsel is 'n enkele belastingstelsel wat inkomstebelasting, BTW, voorlopige belasting, kapitaalwinstbelasting en dividendbelasting vervang. Kwalifiserende ondernemings sal een belasting (tensy met 'n BTW- of LBS-opsie) verklaar en betaal, en eers begin belasting betaal wanneer hul jaarlikse omset R335 000 oorskry.



**Let wel:**

*'n Kleinsake-onderneming wat vir omsetbelasting geregistreer is, kan kies om ook vir BTW te registreer.*

### 2. Kleinsake korporasie (SBC)

Kleinsake-ondernemings met 'n jaarlikse omset van tot R20 miljoen, kan kwalifiseer om inkomstebelasting teen 'n verminderde koers te betaal. Indien jy op jou inkomstebelastingopgawe (ITR14) aangedui het dat jy 'n kleinsake-onderneming is, en aan al die nodige vereistes voldoen, sal die verminderde koerse outomaties toegepas word. Dit is nie nodig om vir die verminderde koerse aansoek te doen nie, omdat jou SBC-status bepaal sal word deur die inligting op jou ITR14.

## Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Ondernemings met 'n geskatte of werklike omset van meer as R1 miljoen, word vereis om vir BTW te registreer en 15% BTW te hef op die belasbare lewering van goedere en dienste.

## Kategorieë vir BTW-registrasie:

Verpligte registrasie	Vrywillige registrasie
Jy sal vereis wees om vir BTW te registreer indien jou verkope meer as R1 miljoen in enige 12-maandetydperk is of indien jy verwag dat jou verkope die bedrag sal oorskry ten opsigte van 'n geskrewe kontraktuele verpligting.	Jy kan vir vrywillige registrasie aansoek doen, selfs al is jou verkope minder as R1 miljoen. Die vereiste is dat die verkope reeds die minimum drumpel van R50 000 oorskry, of waarskynlik R50 000 in 'n 12-maandetydperk sal oorskry. Registrasie vir BTW is maklik en gerieflik op SARS eFiling.

## Werknemersbelasting (LBS)

'n Werknemer wat geregistreer is of vereis is om by SARS vir LBS te registreer, sal ook vereis word om vir vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH) en werkloosheidversekeringsfonds (WVF) te registreer en dit aan SARS oor te betaal.

Maak seker dat jy by SARS registreer binne 21 werksdae nadat jy 'n werkgewer word, dat jy LBS en WVF van jou werknemers se salarisse of lone aftrek en dit op 'n maandelikse basis aan SARS oorbetaal. Hierdie betalings moet binne sewe (7) dae na die einde van die maand geskied. Waar werknemers se salarisse onder die voorgeskrewe drumpel is.

## Voorlopige belasting

Alle maatskappye word outomaties vir voorlopige belasting geregistreer met registrasie vir maatskappye inkomstebelasting. Individue met kleinsake-ondernemings, wat 'n inkomste verdien uit sodanige onderneming, buiten salaris, moet vir voorlopige belasting registreer. Jy moet 'n opgawe vir voorlopige belasting (IRP6) twee keer per jaar indien en 'n betaling maak vir jou geskatte inkomste.

Hierdie opgawe kan deur SARS eFiling ingedien word. Indien jy egter vir omsetbelasting geregistreer is, hoef jy nie 'n IRP6 in te dien nie.

## Maatskappye inkomstebelasting (MIB)

Maatskappye moet hulle inkomste jaarliks verklaar deur 'n inkomstebelastingopgawe (ITR14) in te dien sodra hul registrasie gefinaliseer is. Die verklaring moet akkuraat wees, met alle inkomste en uitgawes weergegee, sodat onder- of ooraanslag vermy word. Vir die aanslagjaar wat eindig op of na 31 Maart 2023, is die maatskappye inkomstebelasting 27% (voorheen 28%)

## Belastingopgawe-indieningstydperke per belastingsoort

Belastingsoort	Gereeldheid van indiening	Belastingvorm	Notas
Maatskappye inkomstebelasting (MIB)	Een maal per jaar volgens maatskappy se finansiële jaareinde	ITR14	Die maatskappy het 12 maande na die finansiële jaareinde om die MIB-vorm, bekend as die ITR14, in te dien. Die finansiële jaareinde word op die maatskappy se registrasiesertifikaat van CIPC aangedui
Persoonlike inkomstebelasting (vir individue in eie diens)	Een maal per jaar soos aangekondig deur SARS gedurende belastingseisoen	ITR12	Alleenienaars, individue in eie diens en in 'n vennootskap, moet hulle sake-inkomste op hulle belastingopgawe verklaar
BTW	Elke twee (2) maande voor die 25ste	VAT201	Die tydperk sal met registrasie toegeken word en sommige maatskappye kan vereis wees om elke maand in te dien
LBS	Maandeliks op of voor die 7de	EMP201	Die indiening is verskuldig binne sewe (7) dae na die maand waarin die belasting van die werknemer afgetrek is.
Voorlopige belasting	Twee maal per jaar	IRP6	<b>Vir maatskappye:</b> Die eerste indiening is verskuldig ses maande vanaf die begin van die finansiële jaar. Die tweede indiening is verskuldig aan die einde van jou finansiële jaar. <b>Vir individue:</b> die eerste indiening is verskuldig op 30 Augustus en die tweede indiening op 28/29 Februarie elke jaar.
Omsetbelasting	Een maal per jaar	TT03	Die indiening van omsetbelastingopgawes word een maal per jaar gedoen ingevolge die maatskappy se finansiële jaareinde of indiening van die jaarlikse inkomstebelastingopgawes, tussen 1 Julie en 31 Januarie of die volgende jaar vir individue.
Werknemer rekonsiliasie	Einde Oktober en einde Mei	EMP501	Eerste interim indiening is verskuldig einde Oktober en die finale indiening einde Mei

**VRYWARING:** Die inligting in hierdie blaadjie vervat, is slegs as riglyne bedoel en word nie as regsverwysing geag nie, en is ook nie 'n bindende reël nie. Die inligting neem nie die plek van wetgewing in nie en lesers wat twyfel oor enige aspek van die inligting in hierdie blaadjie vertoon, moet na die toepaslike wetgewing verwys, of 'n formele opinie versoek van 'n geskikte, gekwalifiseerde individu.

**Vir meer inligting kan jy -**

- » Besoek die blad vir kleinsake ondernemings op die SARS-webtuiste [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).
- » Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277
- » Maak 'n afspraak by 'n SARS-tak deur ons eBooking-stelsel op [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za)
- » Indien jy van oorsee skakel, by +27 11 602 2093 (slegs tussen 08:00 en 16:00 Suid-Afrikaanse tyd).

# KONTAK ONS



## e-Kontak

Besoek die *Small Business*-blad op die SARS-webtuiste [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za)

Maak 'n afspraak by [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za)



## Skakel

SARS-kontaksentrum

Indien jy van oorsee skakel, by +27 11 602 2093 (slegs tussen 08:00 en 16:00 Suid-Afrikaanse tyd).

SKANDEER MY



Volg ons op



2020

